



KMDR

Kerklíke Maatskaplíke Díensteraad

☎ 13528
Hatfield
0028

Nuusbrief

Jaargang 4 Nommer 2

November 2009

Liewe kollegas

Ek begin skryf aan hierdie nuusbrief op 25 November 2009 en die datum herinner my dadelik aan twee gebeurtenisse: vandag oor 'n maand is dit Kersfees en kort daarna is dit Oujaarsdag.

Dit is gewoonlik so dat 'n mens aan die einde van 'n jaar ernstig begin wonder, wat het nou eintlik vanjaar gebeur?



As ek hieroor reflekteer kom ek onwillekeurig by julle uit.

Wonderlike kollegas wat onvermoeid en onverpoos


voortgaan om 'n reuse bydrae te maak in die NG Kerk se maatskaplike dienslewering en direk daarby betrokke is dat honderde duisende mense op 'n daaglikse basis gehelp en versorg word.

En saam met julle in die onderskeie lidorganisasies is daar groot korpse personeel en vrywilligers.

Ek wil vir julle almal baie dankie sê – dankie vir die manier waarop julle jul werk doen en dankie vir die samewerking. Julle is inderdaad getuies van God se groot liefde en omgee vir mense in nood.

In hierdie uitgawe:

1. Baie dankie
2. Belangrike nuus van NRASD
3. Vigsforum
4. NAWONGO Ledeberaad
5. Hugenate Kollege
6. Statistiek, statistiek ...
7. Jaarverslae 2009
8. Belangrike byeenkomste
9. Geseënde Kersfees!



BELANGRIKE NUUS VAN NRASD

Ek het op 24 November 2009 'n raadsvergadering van die National Religious Association for Social Development (NRASD) bygewoon. Die struktuur is reeds vir jare besig om 'n netwerk van geloofs-gebaseerde organisasies, wat betrokke is by maatskaplike

welsyn, te ontwikkel en te vestig. Die netwerk het ook reeds by verskeie instansies aansoek gedoen vir befondsing vir allerlei projekte. Die grootste poging tot dusver was 'n aansoek by die Global Fund, 'n groot befondsingsliggaam wat hoofsaaklik deur

die G8 lande gefinansier word. In die vergadering is bekend gemaak dat die NRASD deur die Global Fund aanvaar is as 'n "principle recipient" en dat 'n bedrag van R45 milj US

Blaai asb na bl 2

BELANGRIKE NUUS VAN NRASD
Vervolg van bl 1

dollar oor 'n tydperk van 5 jaar aan die die NRASD gegee word vir MIV/Vigs projekte.

Vir my is dit in enige terme 'n reuse deurbraak vir die NRASD. Omdat die NG Kerk van die begin af 'n medewerker aan die aansoek-proses was, sal die NG Kerk na alle waarskynlikheid versoek word om as 'n "*sub recipient*" op te tree en so deel te word van die bestuur van die toekenning van die Global Fund.

Dit kan verreikende implikasies vir die KMDR se manier van werk tot dusver hê en ons sal hieroor indringend moet praat by ons Januarie 2010 konsultasie.

Byeenkoms van die
VIGSFORUM
VAN DIE NG KERKFAMILIE



Julle is waarskynlik almal daarvan bewus dat daar 'n Vigsforum vir die NG Kerkfamilie bestaan wat eintlik net 'n netwerk van kerklike bedieninge rondom MIV en Vigs is.

Met die Global Fund se toekenning raak dit nou ook dringend nodig om meer spesifiek te praat oor hoe die verskillende maatskaplike diensorganisasies wat lid is van die KMDR met die Vigsforum skakel.

**Die Vigsforum
vergader op
28—29 Januarie 2010
net na die KMDR konsultasie.**

Ek wil nou reeds vra dat julle in julle streek sal besin oor hoe die samewerking kan gebeur en hoe julle in julle streek dit wil struktureer.

en absolute erns waarmee die gesprek gevoer is. Daar is ook besluit dat Nacoss met ander netwerke, by name die Welsynsforum en NAWONGO moet saamwerk en dat 'n strategie oor die subsidiekwessie nou die hoogste prioriteit moet wees.

Die ander belangrike ontwikkeling is die gereelde gesprek tussen die nasionale departement en die uitvoerende komitees van Nacoss en die Forum. Die struktuur het in die afgelope jaar goed vorm aangeneem en in die strategie oor die subsidiekwessie kan dit nou 'n belangrike instrument wees. Dit is tog hoopvol dat daar nou 'n soort gespreksplatform aan die vestig is, wat tot dusver nie was nie.

Die huidige KMDR verteenwoordigers by Nacoss is Willie van der Merwe, Averell Rust en Louis de Kock en hulle was al drie by die vergadering.

**NUUS UIT DIE
NACOSS
VERGADERING**

Nacoss se derde vergadering vir 2009 was op 11 November 2009 in Bellville.

Wat opvallend was is dat dit baie goed bygewoon is deur die verskillende nasionale rade wat lid is van die netwerk.

Die subsidiekwessie het 'n groot deel van die agenda in beslag geneem:

- ⇒ Die manier hoe die nasionale departement Maatskaplike Dienste teenoor die diensorganisasies optree met die vra van nuwe diensvoorstelle,
- ⇒ die laat betalings van subsidies,
- ⇒ die optrede van sekere provinsiale departemente en
- ⇒ die finansieringsbeleid.

Ek weet dat julle kan voel dat die sake al snuif getrap is en dat niks gebeur nie. Wat tog interessant was is die groot dringendheid



LEDEBERAAD

NAWONGO het aan die begin van November 2009 sy eerste ledeberaad gehou met twee byeenkomste – een in Pretoria en een in Bellville. Die ledeberaad is goed bygewoon en dit het goed in sy doel geslaag naamlik om te hoor wat die lede wil sê.

Dit is duidelik dat die standpuntdokument wat vroeër deur NAWONGO se bestuur opgestel is, tog in die kol was en goed verwoord wat in die lidorganisasies se harte leef.

Die KMDR is nie lid van NAWONGO nie, omdat dit nie 'n dienslewerende organisasie is nie, maar die KMDR is indirek betrokke deurdat Willie van der Merwe in die bestuur van NAWONGO gekoöpteer is.

NUUS UIT HUGENOTE KOLLEGE



Die Hugenote Kollege is gedurende dié jaar in 'n art 21 maatskappy omvorm en die eerste direksie het op 17 November 2009 gekonstitueer.

Die akademiese samewerkingsooreenkoms met die Universiteit van Stellenbosch is ook gedurende die jaar gefinaliseer en die eerstejaars van 2010 sal reeds ingevolge die ooreenkoms registreer.

SATISTIEK, SATISTIEK, STATISTIEK

Die gebrek aan of 'n provinsiale of 'n nasionale welsynstatistiekstelsel is besig om die maatskaplike dienslewering ernstig te benadeel en die noodkrete in die verband klink ooral op. By Nacoss, by NAWONGO en by die Forum, maar ook by die nasionale department self. Die department begin blykbaar weer 'n proses om 'n stelsel te ontwikkel, maar hoe suksesvol dit die keer gaan wees, sal ons maar moet sien. Ons kan egter nie daarvoor wag nie en die KMDR het reeds besluit dat die saak 'n hoë prioriteit

moet wees. Om die saak aan die gang te kry word daar op **27 Januarie 2010**



'n werkwinkel gehou om die behoeftes van die Lidorganisasies vas stel en ook vas te stel wat die onderskeie lidorganisasies se verbintenis vir 'n gesamentlike stelselontwikkeling is.

JAARVERSLAE 2009

Ek wil baie dankie sê vir al die jaarverslae wat ek ontvang het. Sommige lidorganisasies doen baie moeite om dit 'n baie netjiese publikasie te maak. Maar Jaarverslae gaan oor verslagdoening oor die werk wat gedoen is. Hiermee baie geluk – die jaarverslae getuig van omvattende dienslewering aan die land en sy mense. Ons is tans besig om ondersoek in te stel hoe ons die inligting in die jaarverslae in 'n oorsigpublikasie kan verwerk.

BELANGRIKE BYEENKOMSTE !!!

Maak asseblief seker dat julle die volgende belangrike konsultasies bywoon.
Die KMDR sal die koste van een verteenwoordiger van elke lidorganisasie betaal.
Lidorganisasies is welkom om nog twee verteenwoordigers op **ei**e koste saam te bring sou julle dit verkies.
Tref asseblief die nodige reëlings met Suzanne voordat julle Kersfees vier.

KMDR konsultasie : 25—26 Januarie 2010

KMDR konsultasie oor 'n moontlike statistiekstelsel : 27 Januarie 2010

**Vigsforum van NG Kerkfamilie :
28—29 Januarie 2010**

Uit die kantoor van KMDR wens ek en Suzanne vir julle 'n baie geseënde Advent en Kerstyd toe.
Mag die Lig van Kersfees vir jou helder skyn en jou pad helder verlig.

Met Kerstyd is daar liefde in die lug. Dit is 'n tyd vir liefde.

En die liefde kom in baie gestaltes:
dit kom as welwillendheid en vriendelikheid,
dikwels so afwesig die res van die jaar.

Dit kom as omgee en mededeelsaamheid,
offervaardigheid— *van bydraes vir Kersfondse tot geskenke aan wie nie het nie.*

As tyd-maak en beskikbaar-wees vir gesinslede en familie.

As ontspanne saam-wees met vriende.

As 'n soort sentimentele stemming by die aanhoor van vergange dae se Kersliedere in ons huise en op straat.

As 'n gevoel wat in ons hart inkruipe en ons instem op die atmosfeer van die Kersseisoen.

En dit is goed. Dit is wonderbaar. Dit hoort so.

Dit maak die wêreld 'n beter plek.

Kerstyd bring liefde in die lug.

Dirkie Smit

Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee;

Hy sal heers, en Hy sal genoem word:

Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.

Sy heerskappy sal uitbrei en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring.

Jesaja 9:5—6

God het in jou woonbuurt ingetrek en jou gebrokenheid sy eie gemaak. Jou moegheid, dors, hartseer en verdriet is nou sleutels tot sy heerlikheid.

God herskryf vandag die storie van jou lewe.



En vir almal wat die voorreg het om met vakansie te gaan wil ons graag sê: **LEKKER RUS!**